DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE
PRIMÊRE
MEISIESKOOL ORANJE

1907 - 2007

Skoolhoof: Mev. A.T. Albertyn
kantoor@oranjeprimer.co.za
(051) 447 6845

Tesourier:
finans@oranjeprimer.co.za
Sportorganiseerder:
sportadmin@oranjeprimer.co.za
Bemarker, Sport- en Kultuuradministrateur:
sport@oranjeprimer.co.za

Aliwalstraat 99
Bloemfontein
9301
FAKS (051) 447 0070

# BORNMANHUIS

## HUISREëLS

**INLEIDING:**

Die Bornman-gebou is opgerig in 1930 en is vernoem na LC Bornman van Ficksburg. Dit was vroeër gebruik as musiekkamers, maar die behoefte het ontstaan vir 'n Graad 1 koshuis met 'n meer huislike atmosfeer om aanpassing te vergemaklik en is die gebou in 1996 sodanig omskep.

**Ouers gaan asseblief die reëls met u dogtertjie deur voordat sy na die koshuis kom sodat sy presies weet dat die reëls tuis en in die koshuis ooreenstem.**

**HUISREëLS VIR DOGTERTJIES**

**My koshuismoeder is my veilig plekkie en ek mag *ALTYD* na haar toe gaan.**

1. Sussies of familie mag in die middae kom kuier, maar ons speel buite op die gras. (Dit is nie geldig vir die 1e maand nie.)
2. Ons mag nie in die koshuis hardloop nie.
3. Elke dogtertjie is verantwoordelik om haar eie spasie (my bed, my kas en waar ek in die badkamer beweeg) netjies te hou.
4. As ek my skool- of sportklere uittrek, moet ons dit in die wasgoedsak gooi.
5. Ons mag nie op die beddens spring nie.
6. **Ons mag nie met mekaar baklei of met mekaar lelik praat nie, want dan maak ons mekaar se hartjies seer.**
7. Ons praat net een op 'n slag en praat mekaar nie dood nie.
8. Ons werk saam met die huiswerk juffrou en gehoorsaam haar reëls.

9. Ons mag nie tydens skooltyd na die koshuis toe gaan nie.

10. Tydens etenstyd het ek mooi tafelmaniere en maak my plekkie skoon indien ek gemors het.

11. Ek mag my eie selfoon hê om te bel in die aande. (Slegs vir kommunikasie met Mamma, Pappa of familie)

12. Ons gee mekaar kans om op die telefoon te praat en raas dan nie onnodig nie.

13. Tye wanneer u haar kan skakel:

    Tussen 18:00 – 19:00 in die aand
    Wanneer u dogtertjie verjaar, mag u haar in die oggend voor skool skakel.

    U kan u dogtertjie bel by **landlyn 051-447 6845 en druk dan uitbreiding 8.**

    Ons versoek ouers vriendelik om slegs binne neergelegde tye die dogtertjies te skakel aangesien die telefoon sentraal geleë is en die roetine omverwerp indien daar nie by die tye gehou word nie.

**Ek vra u vriendelik dog ernstig om nie na ligte uit te skakel nie.**

**<u>Ons dag se program is min of meer soos volg:</u>**

| | | |
|---|---|---|
| **05:50** | **-** | **Opstaantyd** |
| **06:10** | **-** | **Hare kam**<br>(Graad 2-dogtertjies moet al self begin om hulle hare te kam – al is dit net 1 keer per week) |
| **06:25** | **-** | **Ontbyt in Le Rouxhuis-eetsaal.** |
| | - | **Stiltetyd (na ete).** |
| **06:50** | **-** | **Dogtertjies keer terug na die koshuis om tande te borsel en medisyne te drink.** |
| **07:10** | | **Almal stap saam skool toe.** |
| **13:00** | **-** | **Gr. 1 - Skool kom uit. Middagete in Le Rouxhuis-eetsaal.** |
| **13:00** | **-** | **Gr. 2 – Skool kom uit. Middagete in Le Rouxhuis-eetsaal**<br>**Begin na middagete met studie met in agneming van sport.** |
| **16:30** | **-** | **Badtyd** |
| **17:25** | **-** | **Aandete in Le Rouxhuis-eetsaal** |
| **19:00** | **-** | **Drink medisyne.** |
| **19:20** | **-** | **Stiltetyd.** |
| **19:45** | **-** | **Ligte uit.** |

**NB IVM HUISWERK**

Die huiswerk juffrou se ure is 13:00 – 17:00. Neem dit asseblief in ag wanneer op buite-sporte besluit word.

**SPORT BUITE SKOOLGRONDE**

Indien jou dogtertjie deur iemand anders, buiten haar ouers, na buite-sport vervoer word, moet daar aan die begin van die kwartaal 'n skriftelike toestemmingsbrief by die koshuismoeder ingedien word. (Hierdie persoon se naam moet ook op die vervoerlys wees).

**SPORTROOSTER**

Dit is die ouers se verantwoordelikheid om elke dogtertjie se sportrooster in die eerste week van elke kwartaal by die koshuismoeder in te handig. (Die eerste kwartaal – binne die eerste 2 weke).

**WEEKLIKSE WASGOED**

Dit is ouers se verantwoordelikheid om te sorg dat die dogtertjies met skoon wasgoed op 'n Maandag koshuis toe kom.

**SELFONE**

Die dogtertjies mag 'n selfoon tot hulle beskikking hê. Dit is egter slegs vir kommunikasie met ouers en mag nie gebruik word om bv. musiek, videos ens. te kyk nie. Ouers moet asseblief seker maak hulle dogtertjie genoeg lugtyd en data het.

**SIEK BY DIE KOSHUIS**

Indien 'n dogtertjie in die week siek word by die koshuis, word ouers dadelik in kennis gestel. Indien 'n dogtertjie in die klas siek word, word die koshuismoeder gekontak. Afhangende van haar simptome en hoe ernstig dit is, sal die koshuismoeder haar ouers skakel om haar te kom haal en huis toe te neem. (Koshuismoeder en klasonderwyser neem saam die besluit). In die geval van koors en 'n hoogs aansteeklike siekte sal ouers dadelik gekontak word om die dogtertjie te kom haal.

**VERVOERREëLINGS**

Daar moet 'n Vervoerlys by die koshuismoeder ingehandig word. (Sien aangeheg).

**LET WEL:** Niemand (ouers ingesluit) mag u dogtertjie hier wegneem tensy hulle met die koshuismoeder gereël het nie. Hierdie reëling is vir u dogtertjie se eie veiligheid.

Indien u byvoorbeeld 'n partytjie vir u dogtertjie buite die skoolgronde reël, moet u asseblief vroegtydig 'n briefie vir die mammas stuur sodat hulle toestemming kan gee. Dit word alles by die koshuismoeder ingehandig. 'n Vriendelike versoek: nooi asseblief al die dogtertjies. Hulle is 'n klein groepie en verstaan nie hoekom net sekeres genooi word nie. Indien dit nie moontlik is nie, versoek ons asseblief dat die partytjie privaat gehou sal word.

**Voltooi asseblief te alle tye die uittekenboek in die ingangsportaal van die koshuis. Reël asseblief met die koshuismoeder indien u of iemand anders u dogtertjie kom haal.**

Probeer sover as moontlik dat u dogtertjie nie tydens die week "uitslaap" nie. Aan die begin van die jaar en ook aan die begin van elke kwartaal, gaan die dogtertjie-hart verlang, maar sy is op 'n veilige plek en dit is vir haar makliker om in 'n roetine by die koshuis te wees.

Die dogtertjie se bed en kas moet aan die einde van die kwartaal ontruim word, want hulle skuif elke kwartaal na 'n ander bed.

Dit is ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat elke dogtertjie op 'n Maandag oggend netjies is vir skool.

Indien u enige verdere navrae het, kan u mej. Katinka Louw met die grootste vrymoedigheid skakel by **076 371 9720** of my persoonlik kom spreek.

MEV. A.T. ALBERTYN
SKOOLHOOF

# **BENODIGDHEDE -** Bornmanhuis

## ALLES MOET GEMERK WEES!!! – (SELFS DIE KLEINSTE DINGETJIE)

- Koppie vir koffie
- Navy swemhanddoek

**KAMERBENODIGDHEDE**

- Matrasoortreksel – **NB!**
- Kussing

- Beddegoed soos wat die dogtertjie benodig
- 1 ekstra laken (móét in haar kas beskikbaar wees)

**KLEREKAS**

- Hangers
- Genoeg skoolklere
- Sportklere
- Gewone dra-klere (gewone klere)
- Haarbenodigdhede (eie borsel, genoeg rekkies en knippies – somer: wit en winter: navy)
- Wasgoedsak
- Plakkies (dit werk maklik vir vinnig aantrek)
- Kamerjas
- Snoeperye vir die week
- Buiten sakgeld kan u ook 'n ekstra geldjie vir noodgevalle by die koshuismoeder inhandig, sodat u dogtertjie altyd 'n geldjie het indien sy geld nodig het vir 'n skoolaktiwiteit.
- Sal u as ouer asseblief so vriendelik wees om die skoolskoentjies oor naweke te poleer, sodat die dogtertjies die skoene net deur die week kan blink vryf aangesien die politoer swart strepe op die vloer maak.
- Die kassies is net "weekkassies". Pak dus **net genoeg** klere vir die week in. Sy kan dit dan soos dit vuil word in haar wasgoedsak sit en Vrydag vir Mamma huis toe neem.) Maak asseblief seker dat die dogtertjies klere vir **4 seisoene** in hulle klerekas het.

## BADKAMER BENODIGDHEDE

- Badhanddoek
- Stortbenodigdhede
- Stortkappie **NB!**
- Tandeborsel en tandepasta en ander toiletware in badsakkie
- Haardroër (Opsioneel – slegs nodig indien sy moet hare was gedurende die week).

## SKRYFBEHOEFTES

- Potlode (dieselfde wat by die skool gebruik word)
- Kleurpotlode/Kleurkryte
- Uitveër
- Pritt
- Skêr

(Elke dogtertjie moet asseblief haar eie skryfbehoeftes hê en dit moet duidelik gemerk wees).

## MEDIKASIE

IN TERME VAN DIE SKOLEWET IN VERBAND MET DIE TOEDIENING VAN MEDIKASIE AAN LEERDERS, VRA ONS U OM 'N KLEIN VOORRAAD NOODSAAKLIKE MEDISYNE VIR U KIND SAAM TE STUUR VIR HAAR BEHOEFTES.

- Alles vir koors, naarheid, pyn, hoes/verkoue, maagpyn, keelseer, pleisters, wondsalf, maakrampe en allergieë.

  (Medikasie (daagliks en voorgeskryf) moet asseblief op die vorms (beskikbaar by die koshuismoeder) ingevul word.

## SPEELGOED

- "Babas" werk baie goed. Beperk asseblief die hoeveelheid speelgoed aangesien daar beperkte ruimte in die koshuis is om dit te bêre.

## VERTROOSTING

- Enige iets waarmee sy "veilig" voel (Mamma se serp – met 'n bietjie van Mamma se parfuum daarop – werk goed.

**Vir enige verdere navrae skakel gerus vir Mej. Katinka Louw by 076 371 9720.**

**STUUR ASB. TERUG VOOR OF OP 29 Januarie 2024:**

**Ek, (Mnr., Mev., Me., Prof., Dr., Ds.) ________________________________________**

**ouer van:**

**Naam van leerling/e:**

**__________________________________________________ Graad:___________________**

**__________________________________________________ Graad:___________________**

**neem kennis van dit wat in die GEDRAGSKODE staan.**

**Geteken te ________________________ op hierdie ______ dag van_________________ 20___.**

**____________________**

**OUERHANDTEKENING**